

Hoër Volksskool Graaff-Reinet Afrikaans Huistaal Graad 8 bladsy 1 van 6

Werk vir Week 20 – 24 Julie 2020

Maandag 20 Julie : Merk die vorige week se werk aan die hand van die memoranda:

Memorandum: Taalleer

OEFENING 1:

1. Onderstreep die byvoeglike naamwoorde (b.nwe.) in die volgende sinne.

1.1 Die lang seun stap rustig met gemaklike treë en skop kort-kort ongemerk 'n klip uit die pad.

1.2 Alhoewel hy moeg is, die dag warm en die pad lank is, sweet hy betreklik min.

1.3 Die stokou man se gesig is verrimpeld, sy hare is grys en 'n swierige snor versier statig sy bolip oor sy splinternuwe stel winkeltande.

2. Onderstreep die bywoorde (bwe.) in die volgende sinne:

1.1 Die lang seun stap rustig met gemaklike treë en skop kort-kort ongemerkt 'n klip uit die pad.

1.2 Alhoewel hy moeg is, die dag warm en die pad lank is, sweet hy betreklik min.

1.3 Die stokou man se gesig is verrimpeld, sy hare is grys en 'n swierige snor versier statig sy bolip oor sy splinternuwe stel winkeltande.

OEFENING 2:

1. Doen: Platinum handboek bl. 256 nr. B.3 (Intensiewe vorme) Voorbeeld: oud - stokoud.

Met 'n paar uitsonderings (soos nugter wakker en wawyd oop) word hulle altyd aanmekaar geskryf as een woord.

1.1 Verlief – smoorverlief / dolverlief.

1.2 goedkoop – spotgoedkoop

1.3 Stil – tjoepstil / doodstil

1.4 vol – propvol

1.5 Glad – seepglad / spieëlglad

Sommiges, veral kleure, het 'n hele aantal moontlike variasies, bv. nat – sopnat, waternat, sopwaternat; alleen – stokalleen, saligalleen, sielsalleen, stoksielsaligalleen

2. Doen ook die volgende:

Fris - perdfris

Lewendig - Springlewendig

Af - morsaf

Bekend - wêreldbekend / alombekend

Bitter - galbitter

Groen - grasgroen / bottelgroen / smaraggroen

Dik - trommeldik

Doof - stokdoof

Duur - peperduur

Gelukkig - doodgelukkig / dolgelukkig

Getrou - lewensgetrou

Jonk - bloedjonk

Lank - ellelank / lewenslank

Leeg - dolleeg

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 8 Bladsy 2 van 6


Lelik - skreeulelik	Soet	- stroopsoet
Ongelukkig - sielsongelukkig	Skeef	- windskeef
Vars - kraakvars	Helder	- klokhelder / kristalhelder

OEFFENING 3: Trappe van vergelyking.

Gee die trappe van vergelyking van die volgende woorde:

Stellende trap	Vergelykende trap	Oortreffende trap
----------------	-------------------	-------------------

jonk	jonger	jongste
lief	liewer	liefste
groot	groter	grootste
moeg	moeër	moegste
droog	droër	droogste
skeef	skewer	skeefste



vervalle - meer vervalte - mees vervalte

Memorandum: Vis & tjips

Vrae hoofstuk (bl. 76)

Ruimte en tyd:

1. Kevin se deel van die kamer is netjies. Sy bed is opgemaak en die skoolboeke staan in 'n vierkantige houpie op die bedkassie. Dit kan beteken dat hy 'n georganiseerde mens met selfdisipline is wat van orde hou en dalk sy skoolwerk ernstig opneem. Rico se kant is egter vuil en deurmekaar. Dit wys hoe hy van Kevin verskil en dinge anders insien. Dit is waarskynlik tekenend van Rico as karakter, want dit lyk of sy lewe ook maar deurmekaar is.

2. Die **verteltyd is 50 bladsye**. Die **vertelde tyd** is ongeveer 5 weke. (Kevin moes vier weke gemeenskapsdiens doen en die verhaal begin 'n week voor sy gemeenskapsdiens begin en eindig op die dag wat sy gemeenskapsdiens ophou.)

Vertelperspektief

1. 'n Eerstepersoonsverteller.



2. Bes moontlik, ja. Ons sou weet wat Kevin dink en hoe HY voel. Die groot verrassing in die storie, naamlik dat Kevin eintlik onskuldig is, sou waarskynlik vroeër aan die lig gekom het. Ons sou dan ook meer van SY innerlike konflik te wete gekom het, want hy sou in 'n stryd met homself gewees het of hy vir Crystal die waarheid moet vertel of nie sodat sy hom nie so sleg beskou nie.

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 8 Bladsy 3 van 6

Dinsdag en Woensdag 21 en 22 Julie: Taalleer –

1. Woordsoorte – Bywoorde (Kyk agter in jou Platinum TAALhandboek se indeks en lees ook die stukkie oor bywoorde op die betrokke bladsy)

Bywoorde beskryf die werkwoord, m.a.w vertel meer van die aksie.

Bywoorde kan ook byvoeglike naamwoorde, telwoorde of ander bywoorde beskryf.

KYK ALTYD NA DIE KONTEKS VAN DIE WOORD

m.a.w. kyk na waar die woord in die sin staan en wat sy funksie in die sin is!

Aan die hand van hoe en wat die bywoord iets beskryf, word hulle onderverdeel in :

- Bywoorde van tyd
- Bywoorde van wyse
- Bywoorde van plek
- Bywoorde van graad
- Bywoord van modaliteit

LET WEL: Die volgorde van bywoorde in 'n sin in Afrikaans is ALTYD:

Tyd – wyse - plek

1. Bywoorde van **tyd** – vertel **WANNEER** die aksie plaasvind. Byvoorbeeld:
Hulle het **gister** lekker daar geëet.
2. Bywoord van **wyse** – vertel **HOE** die aksie plaasvind. Byvoorbeeld:
Hulle het gister **lekker** daar geëet
3. Bywoord van **plek** – vertel **WAAR** die aksie plaasvind. Byvoorbeeld:
Hulle het gister lekker **daar** geëet.
4. Bywoord van **graad** - vertel meer van die graad of te wel **IN HOE 'N MATE**. Byvoorbeeld:
Hulle het gister **besonder** lekker geëet.
5. Bywoord van **modaliteit** – vertel meer van die spreker se **HOUDING** teenoor die gedagte.
Byvoorbeeld: Hulle het **vermoedelik** gister lekker daar geëet.

OEFENING 1

Onderstreep die bywoorde in die volgende sinne. Skryf dan elke bywoord neer en sê watter soort bywoord dit is: Byvoorbeeld – Ek het gisteraand goed geslaap.

Gisteraand – bywoord van tyd

Goed – bywoord van wyse

- 1.1 Die donkies draf vinnig voor die karretjie.
- 1.2 Ek wil oormore bank toe gaan.
- 1.3 Die boewe loop tergend stadig na die dorpsplein terwyl die skare hulle honend uitjou.
- 1.4 Die teer het vreeslik gestink en klein donsveertjies het oral rondgewaai.
- 1.5 Die bankklerk was so verskrik dat hy onsamehangend vertel het hoe die boewe hom vanoggend onverhoeds betrap en hardhandig rondgeruk het.

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 8 Bladsy 4 van 6

2. Kies die regte bywoord uit die lys om die onderstaande sinne te voltooi:

Eenparig; onsamehangend; stiptelik; hartlik; plaaslik; aandagtig; besonder; internasionaal; noodlottig; luidkeels




- 2.1 Die gasheer verwelkom die gaste
- 2.2 Die mense het lekker geëet.
- 2.3 Die gehoor luister na die toespraak.
- 2.4 Hoeveel van die insitendes is beseer?
- 2.5 Die wedstryd begin om drie-uur.
- 2.6 Die komitee het besluit om deel te neem.
- 2.7 Die akteur is bekend.
- 2.8. Gaan die toneelstuk ook opgevoer word?
- 2.9 Die geskokte vrou praat
- 2.10 Die toeskouers moedig die atlete aan.

OEFENING 2

Een woord vir 'n omskrywing. Vervang die woorde tussen hakies deur een woord, byvoorbeeld:

Die (man wat miljoene besit) is tans oorsee. Die **miljoenêr** is tans oorsee.

- 2.1 Die (geld wat maandeliks vir 'n polis betaal word) beloop R200.
- 2.2 Die (plek waar Moslems aanbid) is in Caledonstraat.
- 2.3 Die (man wat aan vrede glo) is baie ontsteld oor al die geweld.
- 2.4 Die skip se (vensters in die kajuite) kan nie oopmaak nie.
- 2.5 Die (ou wat nie kant kan kies nie) verkies om nie te stem nie.
- 2.6 Die (vrou wie se man oorlede is) kry baie swaar.
- 2.7 Die (al die mense wat by 'n plek werk) hou vanoggend vergadering.



- 2.8 My (persoon wat saam met my werk) is vandag olik.
- 2.9 Ons hou van antieke (tafels, stoele, kaste ens.)
- 2.10 Ek haat dit om (borde, koppies, pierings ens.) te was.
- 2.11 Die (messe, lepels, vurke) kom in die boonste laai.
- 2.12 Die (beeste, skape, bokke) kom saans kraal toe.
- 2.12 Die (hoenders, ganse, eende en kalkoene) se voer is op.
- 2.13 Die (mense wat reis om goed in 'n land te gaan besigtig) was baie beïndruk.
- 2.14 (Suigstokkies, sjokolade, kougom, jelliemannetjies) is sleg vir jou tande.
- 2.15 Die winkel se (koeke, terte, koekies en beskuit) is baie smaaklik.

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 8 Bladsy 5 van 6

2.16 Die (al die goed op die verhoog) is baie kunstig ontwerp.

2.17 (Iemand wat goed kan skilder) het al oorsee uitgestal.

2.18 Die (vrou wat sing vir 'n lewe) se jongste lied is pas uitgereik.

2.19 Die winkel se goeders is baie (wat mens maklik kan betaal).

2.20 Die (wat baie bome het) landgoed is in die mark.

OEFENING 3: Doen die blokkiesraaisel op bladsy 6 van hierdie notas.

2. WOORDSOORTE: Lidwoorde

Hierdie is seker die maklikste woordsoort van almal, want daar is net twee in Afrikaans: **Die** en **'n**. (Die afkappingsteken ['] staan in die plek van “ee” wat ons in Afrikaans uit die oorspronklike Nederlandse woord “een” weggelaat het). Hulle word saam met selfstandige naamwoorde gebruik.

Bepaalde lidwoord = die

Onbepaalde lidwoord = 'n

Daarbenewens is daar argaïese (baie ou) vorms van die bepaalde lidwoord “die” wat ons nog in vaste uitdrukkings aantref, naamlik die oorspronklike Nederlandse “de” en sy verbuigings “des” en “der”.


Wat **de** duiwel gaan aan? Dis vir my 'n steen **des** aanstoots. Dit is 'n dag **der** dae.

Donderdag 23 Julie

Begripstoets; Lees bls. 88 (Ekoforum) in jou Platinum TAALhandboek. Doen dan die vrae op bl. 89 nrs. b. 1 - 6 en 8 - 14 in jou TAALskryfboek.

Vrydag 24 Julie: Prosa – Vis & tjips


Lees die stuk oor karakterisering op Bl. - 76 van Vis & Tjips en doen die vrae op bl. 77 in jou Letterkundeskryfboek.



Hoër Volksskool Graaff-Reinet Afrikaans Huistaal Graad 8 bladsy 6 van 6


Intensiewe vorme blokkiesraaisel <https://wordmint.com/categories/afrikaans-language>

Lees die leidrade en vul dan die regte intensiewe vorm van die woord in die regte blokkies in. (Kyk voorbeeld by AF 2 – ryk = skatryk)



Dwars

- 3. klein
- 4. wit
- 7. gelukkig
- 13. skoon
- 16. soet
- 17. leeg
- 18. hard
- 19. beroemd
- 20. warm



AF:

- 1. hoog
- 2. ryk
- 5. alleen
- 6. doof
- 8. lewendig`
- 9. arm
- 10. rooi
- 11. lelik
- 12. siek
- 14. glad
- 15. helder



Illustrations of.com #1047921

